"Be a light in the dark world, for Jesus!"

HEY!

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

# Op die pad—Worcester Uitreik
## 27—3 Julie 2011

Wat 'n heerlike nostalgiese gebeurtenis vir my. Toe ons deur die tonnel is en die pad tussen die berge ry, het dit gevoel asof ek "huis-toe" kom. Ek was ongelooflik opgewonde oor dit wat besig was om te gebeur. Ek voel geeerd dat God my gekies het om te kom terugploeg op 'n plek waar ek vir 'n lang tyd van my jongmens jare deurgebring het.







Die Here het ons werklik in die tydjie kom wys dat elkeen van ons, maak nie saak van waar jy kom nie, kosbaar is vir Hom. Die maats het dit so geniet om Sy Naam te verheerlik deur sang.

**Dankie Tobias vir die lekker sing!!!**

Hulle was 'n groep van so 20 jongmense wat hulle vakansie op geoffer het om met +/- 150 kinders van Avian Park te speel en te leer van Jesus. Ai ons het lekker gesing, gespeel, geeet en saam geleer oor die Evangelie van Jesus. Die H4K program is met hulle gedoen.

Soggens 08:00 was almal op hul pos vir Spanbou en stil word voor God. Ons het wonderlike tye soggens beleef saam. Van 09:00—13:00 was ons besig met die kinders.

Die Here was so getrou in die tyd en kan ons terugvoering gee dat vele maats hul harte vir Jesus gegee het in die week. Selfs spanlede het opnuut 'n ontmoeting met God gehad.

**SPEELTYD!!**





In die middag het die span saam klere pakkies, komberse, ens vir die kinders gepak, saam ge"worship" en uit gegaan om met mense te deel. Saans het ons die H4K klasse aangebied vir hulle sodat hulle hulself ook beter kon toerus om met die kinders te kon werk. Hulle kon dit ook bedags eerstehands ervaar tydens ons tye met die kinders.

Ek het Sondag toe ek moes vertrek gevoel asof ek my huis los—so lekker het ek gekuier!

**Dankie aan ons borge en almal wat dit vir ons moontlik gemaak het!**

**Dankie vir jou gebede en liefde !**

**Belinda Bothma**
**073 835 5084**